

**8 Julie**

**Genesis 19:16-28, (Teks: 19:26)**

***Omkyk kan jou lewe kos!***

God wil die goddelose stede Sodom en Gomorra verwoes, maar in sy genade stuur Hy twee mans (engele) om eers vir Lot en sy gesin uit Sodom te red. Lot kry die opdrag: "Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie! Moenie êrens in die vlakke vertoef nie. Vlug berge toe, anders word jy omgebring".

Maar Mevrouw Lot vlug halfhartig. Sy dink aan alles wat sy moes agterlaat: Die lekker lewe in Sodom, haar (heel waarskynlik goddelose) vriende, haar huis, alles wat sy deur die jare bymekaar gemaak het en as sy vir oulaas net wil omkyk, seker om van alles afskeid te neem, dan gebeur die onverwagte - sy verander in 'n soutpilaar. 'n Mens wil vra: "Waarom is God se straf so swaar?" Dis tog seker 'n vergeefbare sonde? Hebreërs 10:26 gee die antwoord: "Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie." As God sy genade aan 'n mens wil bewys deur hom te red en die mens werp daardie genade weg, dan laat dit God se toom ontvlam. Mevrouw Lot het met haar omkyk bewys dat sy God se genade verwerp het. Daar bly vir haar geen vergiffenis meer oor nie. Daarom dat Jesus Christus eeue later sê: "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie." Christus het juis gekom om vir ons die weg na die koninkryk oop te breek, om aan ons 'n nuwe lewe te gee. God het aan Hom die taak opgelê om vir ons skuld te betaal. Ook Hy moes die hand aan die ploeg slaan. En as Hy sou omkyk na al die koninkryke van die wêreld wat die Satan Hom aangebied het (Matt 4), dan was ons geloof tevergeefs. Al wat God vra uit dank vir sy genade is dat ons Hom sal dien met ons hele hart, ons siel en met al ons krag. Dit vereis dat ons nie sal omkyk en terugverlang na ons ou sondige begeertes nie. Ons moet breek met die ou sondige mens in ons en ons uitstrek na wat voor is, naamlik die nuwe lewe in Christus (So. 33 HK). Onthou, omkyk kan jou jou lewe kos!

Sing: Psalm 42:5

Ds. W.J. Botha (Barkly-Oos)